



Ons kyk terug, maar veral vorentoe

Dis die einde van 'n waterskeidingsjaar vir Crozierstraat:

It was the first full year in which we could teach and learn in our beautiful new Mediafrika Building. Walking into the annexe, one can hardly believe we were sitting on one another's laps for so many years.

It is also a watershed year for our three full-time lecturers: All three of us are in a "post"-phase, which of course means we are also in a "pre"-something else phase. Both Simphiwe and Gawie will be capped at the December graduation ceremony – from now on it will be Dr Sesanti and Dr Botma, please – and congratulations!

Moi have completed a research project on the work of Rykie van Reenen, which was probably as rewarding and gratifying as the PhD's of Simphiwe and Gawie.

We all now need to just catch our breath in a brief post-PhD and post-Rykie pause to be ready for the next exciting research project.

Having been HoD since January 2001,

with a 9 month research leave in 2009 (thank you, Gawie), I have decided I have paid my dues... And we will now operate according to the system of a rotating chair, as other departments do. From January 2012 a rotating chair will do a two year stint, giving every full-time lecturer the opportunity to become chair. Our lucky first rotating chair will be ... Gawie.

Met 'n nuwe stelsel van voorsitterskap het ons in hierdie uitgawe ook op 'n nostalgie-toer gegaan: Ons het die twee vorige departementshoofde en die One and Only Dr T gevra om hul *memoires* vir ons neer te skryf.

Janus se bladsye is te beperk vir die Gross- en George-avonture in Crozierstraat – lees asseblief verder daaraan op ons webwerf. Dit is tegelykertyd somer al stewige hoofstukke vir 'n boekie wat iewers in die toekoms oor die klein-maar getryn-joernalistiekskool aan Crozierstraat die lig sal sien...

Ons het die jaar goed begin met weer eens 'n gemiddelde van 'n *cum laude-*


punt vir ons 2010-BPhil-studente. Dat die bedryf ons studente op daardie vlak takseer, is die resultaat van BAIE harde werk. Dit is ook inspirasie vir elke jaar se klas om daardie punt te behou.

Vanjaar se BPhils het reeds gewys daar's murg in hul pype: Ses van die sewe finaliste in *Huisgenoot/You/Drum* se landwyd Franz Kemp-wedstryd was BPhil-studente. Toe was die laaste vier finaliste Crozierstraat se studente, en uiteindelik het Gesinstydskrifte besluit benewens die wenner gaan die ander drie ook iewers in hul stal werk kry. Dis ook 'n pluim in die hoed van vanjaar se Rykie, Hannelie Booysen.

En ons het die jaar op 'n hoogtepunt afgesluit: Die eerste Rykie-konferensie. Van die elf Rykies sedert 1998 kon agt die geleentheid bywoon (sien foto op bl. 9).

En wat my betref, dis uit-uit, hierdie departementshoof se storie is uit. Dankie aan almal wat my tyd in Crozierstraat se Oval Office 'n avontuur gemaak het.

Lizette Rabe



“

What does remain with me is a sense of gratitude for completing a long teaching career – a year or two short of sixty years...

”

ON

Looking back

DR WE TRENGOVE

On looking back at my twenty odd years of teaching in the Department of Journalism, I am hard pressed to single out an incident that takes precedence over all the other fulfilling times I spent in the department. What does remain with me is a sense of gratitude for completing a long teaching career – a year or two short of sixty years – in an educational environment which upheld the tenets of education which have always been dear to me: dedication and the privilege to work with young minds in their progress towards discovering the world.

What does remain with me is my introduction to the department. “What must I teach the students, professor?” I asked Professor Cillié on being introduced to him.

“Teach them to spell and punctuate and to write a lucid English sentence,” he replied.

His insistence on correctness and clarity of expression in writing underpinned my own approach to teaching, for I believe that of all forms of communication the printed word remains the strongest. That Professor Cillié’s policy, and of those who followed him, has borne fruit is evidenced by the long line of well-known editors, journalists, writers, and others, who cut their teeth in this department.

Gratifying it is indeed to see their names in the media world, to hear their voices on the radio, to see their faces on the TV screen.

More gratifying for me, perhaps, are the accounts of their determination to make it in the media world: of the more-than-average age student who for financial reasons had to interrupt his studies continually and eventually became sub-editor of a newspaper; of the young girl who shared a crowded room with others in a township, walked for miles in the dark, caught the train and never missed an eight-o’clock lecture.

To work with students of such calibre and to be challenged by their daunting and inquiring minds was a privilege. Equally so I couldn’t have had it better with my fellow staff members: Professor Johannes Grosskopf, the softly spoken gentleman with a wealth of experience to his credit; our first secretary, the ever helpful Mrs Winie Rousseau; the lively Professor George Claassen with his incisive mind and his dislike of cant and false concepts; the one-and-only Mrs Leona Amoraal, the *materfamilias* of the department; and then Professor Lizette Rabe, gracious in manner, innovative in approach and she, herself, an outstanding journalist to the manner born.



Piet Cillié

- die on-ideale professor

TIM DU PLESSIS (uit SMF 2003)

Prof Piet Cillié was nie die ideale professor in joernalistiek nie. Maar hy was die regte mens om die joernalistiek-departement op Stellenbosch te begin omdat hy geweet het hoe om so 'n nuwe onderneming reg neer te sit.

Ander wat ná hom gekom het, kon bou op fundamente wat goed gelê is. Hulle kon selfs aanbou omdat sy visie vir die departement ruimte daarvoor gelaat het.

Vir iemand soos ek wie se lewe van koerante aanmekeer gesit is, kon daar kwalik 'n beter Gamaliël gewees het by wie se voete 'n mens kon gaan sit.

Die professor het met 'n paar snaakse idees op Stellenbosch aangekom. Soos dat nagraadse studente gedril moes word in tik- en snelskrif. Akademiese puriste het sekerlik skeef opgekyk, maar eintlik was dit glad nie so 'n slegte idee nie.

In sy 24 jaar in die redakteurstoel het hy gesien hoeveel waardevolle tyd gaan verlore omdat joernaliste nie vinnig en akkuraat kan tik nie. Erger nog, hy moes male sonder tal gesien het hoe feitefoute gemaak word en die gehalte van verslaggewing verlaag omdat verslaggewers nie akkurate notas het nie.

Hierdie behepthed met praktiese vaardighede het Cillié deurgevoer na ander aspekte van sy honneursklas. Hy het dit ons “vingeroefeninge” genoem.

So, ons het leer skryf deur te skryf. Berigte, artikels, resensies, hoofartikels, sportberigte, noem maar. Ons het vertaal dat ons blou word in die gesig. Uit Engels in Afrikaans en andersom.

Al die instruksies en gasdoste wat hy ingebring het, het dié praktiese benadering gevolg. Doen, doen en nogmaals doen.

Ook dit wat moes deurgaan as akademiese werk – die luister na die lesings oor Beethoven en Mozart – was ietwat onkonvensioneel. Ons het selde lang lyste met opleeswerk gekry. Ek dink nie daar was een “voorgeskrewe” boek nie. Ek kan ook nie onthou of ons ooit “semestertake” gehad het nie.

Maar maak geen fout nie, ons het baie akademies verkeer. Ons het talle en talle besprekingsklasse gehad oor mediakwessies en mediapraktyk en selfs oor politiek.

Baie het gewonder of hy sy politiek/joernalistieke aktivisme sou voortsit. Hy het nie. Ek het hom op Stellenbosch beleef as 'n ruimgeestige, verdraagsame mens.

Stellenbosch het vandag een van die land se mees voortrekkende instellings vir die kweek van joernaliste omdat Piet Cillié destyds die aanhef op die regte noot ingesit het.


“ Ek het hom op Stellenbosch beleef as 'n ruimgeestige, verdraagsame mens.

”

Gross

DIE GROTE

JOHANNES GROSSKOPF



Die was 'n totale verrassing daardie dag in 1983 toe ek in Washington 'n brief kry waarin die rektor van die US my vra: Het ek beswaar as ek oorweeg word as opvolger vir prof. Piet Cillié? Ek het geweet Piet moet binnekort aftree, maar nooit aan myself gedink as moontlike opvolger nie, ek was hoogs tevrede met my werk as Washingtonse verteenwoordiger van die Nasionale Pers se koerante.

Daardie aand het ek die saak bespreek met my vrou Santie, op Stellenbosch gebore en getoë, en ook joernalis. Ek is 'n verloopte Vrystater wat aan die UK 'n BA met chemie en ekonomie as hoofvakke behaal het. Toe ons getrou het, was ek in *Die Burger* se politieke redaksie en sy was vroueredaktrise. Ons troudatum is so gekies dat ek terug sou wees van ons wittebrood vir die opening van 1955 se Parlementsitting.

Maar terug by die hoofsaak: prof. De Vries se brief. Ons het besluit ja. Ons het saam 'n baie goeie en interessante lewe in die joernalistiek gehad en nou kry ek die kans om in my laaste werkende dekade iets terug te ploeg in 'n beroep wat vir my baie lekker was, om van my ervaring oor te dra aan 'n nuwe geslag joernaliste.

En in alle beskeidenheid: daar was min ander beskikbare kandidate met breër en dieper ervaring as ek. Ek het by *Die Burger* begin in 1947 met 'n halwe graad en moes dit met aandklasse so

vinnig moontlik klaarmaak. Toe ek my graad kry, het my salaris gestyg tot 30 pond per maand.

Ek en Santie het die Londense kantoor vir Nasionale Koerante begin in September 1955. Ná drie jaar is ons terug Suid-Afrika toe, later 'n paar jaar by *Die Volksblad*, en toe Johannesburg as assistent-redakteur van die nuwe Sondagblad *Die Beeld*. Toe dit saamsmelt met *Dagbreek* om *Rapport* te word, het ek assistent-redakteur gebly, daarna stigter-redakteur van die dagblad *Beeld*, met Schalk Pienaar as hoofredakteur. Ná 'n paar jaar het ek 'n nuwe pos gekry om vir die firma se koerante ontledende artikels te skryf oor (in die taal van destyds) die Bantoe-politiek. En ná nog 'n jaar of twee is ons na Washington om die Nasionale Pers se koerante te vertel oor Amerikaanse optredes wat vir ons land belangrik is – en het ek prof. De Vries se brief gekry.

Ek het teruggeskryf dat dit vir my 'n eer sou wees om oorweeg te word as Piet se opvolger. 'n Ruk later bel prof. De Vries my om



Dit was lekker jare en in een opsig ook maklike jare: Die joernalistiek was nog hoofsaaklik 'n skryfberoep... daar was nog nie die ernstige mededinging van beeldradio en die internet nie.



dit duidelik te stel hy bied my nie 'n pos aan nie; ek is 'n kandidaat en die voorgeskrewe proses moet gevolg word. Alles het vir my reg verloop en begin 1984 het ek, nog taamlik onseker van myself, in die geboutjie in Crozierstraat aangekom.

Ek was skrikkerig oor die sprong in die onbekende, om hoof te word van 'n akademiese departement terwyl my eie ervaring van universiteite dekades vroeër opgehou het as voorgraadse student. Wat baie gehelp het, was dat 'n dierbare vriendin van my en Santie, Wina Rousseau, self 'n deurwinterde joernalis, sekretaresse van die departement was. Sy het die US van binne geken – wat die prosedures vir alles is. Dit was vir my goud werd.

Twee ander steunpilare vir my en die departement was mev. Leona Amoraal wat die studente moes leer tik (en nou nog in 'n heel ander hoedanigheid daar onmisbaar is) en mnr. Danie Williams, die algemene assistent. Ek was die enigste heeltydse dosent, met 'n paar ander wat, soos mev. Amoraal, deelyds klas gegee het. Sommige was koerantmense, ander dosente aan die US, soos die onvergeetlike dr. Billy Trengove en prof. Johan Combrinck. Die slim mense wat van sulke dinge weet, het op 'n keer 'n opname onder die studente gemaak om vas te stel wie van ons klomp is die beste dosent. Dr. Trengove het loshande gewen.

Ek het ook gereeld mense van buite gekry om met die studente te praat, om hulle 'n breër begrip te gee. Een was regter Albie Sachs, wat 'n baie uitgesproke teenstander van die ou regering was en jare tevore 'n hand verloor het danksy 'n briefbom wat 'n agent van die ou regering hom gestuur het. Dit was 'n goeie byeenkoms. Sachs het rustig en kalm gepraat.

Die volgende dag wou baie studente weet: maar hoe kom hy reg met net een hand? My antwoord was die klaarblyklike: Julle moes hom gevra het. As 'n mens met die pers praat, kan jy hom enige relevante vraag stel, mits jy dit beskaaf doen.

Die tien jaar wat ek hoof van die departement was, was 'n heerlike ervaring. Wat dit makliker gemaak het, was dat my eerste klas, nog deur Piet gekies, so ongeveer die portuuurs was van ons vier kinders, wat my goed gebrei het in hoe die jeug anders dink as ons “ou mense”. Ek was gewoon aan jong mense wat nie sommer aanvaar wat jy sê nie. Jy moet jou storie en jou argumente reg hê.

Prof. Sampie Terreblanche het my geterg hoe maklik my werk is: As hy sy ekonomie-klas toespreek, is dit 'n volksvergadering, myne is 'n knusse seminaar.

Dit was lekker om met so 'n gekeurde groep te werk, jy ken hulle later baie goed. Wat ons gedoen het, was om baie vroeg

in die jaar die hele klas te nooi na ons huis op 'n Saterdagand waar ek 'n paar ontbeende skaapboude gerook het in 'n apparaat wat ek uit Amerika saamgebring het. Santie het gesorg vir slaaie en so. Dit het gehelp om 'n groepsgevoel in die klas te vorm, 'n spangees. Met 'n veel groter klas sou dit nie kon gebeur het nie.

Ja, daardie eerste klas het baie gehelp om my die nuwe werklikheid aan universiteite te leer ken. Ek het nog soos ons destyds aan die UK behandel is, en soos prof. Piet my aangeraai het, in die klas hulle aangespreek as meneer en mejuffrou, tot ek eendag begin wonder het en een van die studente, Esmaré van der Merwe, gevra het hoe hulle verkies dat ek maak. Sy't geantwoord dat sy eers besef het ek is 'n mens die dag toe ek moedeloos op 'n vraag geantwoord het, Nee, deksels Esmaré! Toe't ek maar die name begin gebruik.

Ek sien, terloops dat sy, nou Weideman, grootbaas geword het van Media24. Sy hou nog die rekord as die student wat in die eindeksamen in my tyd die hoogste punt behaal het: 85%. Esmaré was *Huisgenoot* se eerste vroulike redakteur, soos 'n ander oudstudent, Adri-Louise van Renen (klas van 1987), die eerste vroulike redakteur van *Die Kerkbode* is, en Igna Schneider (1996) die eerste vroulike nuusredakteur van *Die Burger* was.

Die manstudente was in my jare altyd in die minderheid: ek kan darem onder meer roem op die huidige redakteur van *Die Burger*, Bun Booyens (klas van 1986) en die boekillustreerder Piet Grobler (1990) – maar ek het hom nie leer teken nie. Ek kan nie 'n herkenbare skoendoos teken nie. In my tyd moes studente as deel van die eindeksamen 'n lang artikel navors en skryf wat 'n tydskrif van gehalte sou interesseer, 'n blad soos die destydse *Insig*, wat in sy laaste jaar die prys gekry het as beste tydskrif in Suid-Afrika. Piet se artikel was die beste wat ek in my tien jaar gelees het. Hy is van Crozierstraat na Sanlam se skakeldiens en het later as selfstandige kunstenaar geblom.

Dit was lekker jare en in een opsig ook maklike jare: die joernalistiek was nog hoofsaaklik 'n skryfberoep: jy moes skryf vir koerante en tydskrifte wat gedruk en verkoop is, daar was nog nie die ernstige mededinging van beeldradio en die internet wat die meeste koerante se sirkulasie in die afgelope dekade begin wegvreet het nie. Dit gaan die uitdagings vir die studente wat nou in Crozierstraat is, soveel anders maak as die lewe wat my studente geken het. Maar met die aanpasbaarheid en geesdrif van jong mense sal hulle dit wel oorwin. (vervolg op www.sun.ac/journalism/alumni)

'n NUWELING *uit die* NOORDE

GEORGE CLAASSEN



“Waarom wil jy die beste joernalistiekpos in Suid-Afrika verlaat?” vra ’n goeie vriend my toe hy hoor ek gee pad uit die akademiese omgewing en keer terug na die media. Dit was einde 2000 en ek was pas aangestel as senior assistentredakteur van *Die Burger*.

Die

antwoord: afgesien daarvan dat Naspers wou gehad het ek moet terugkeer na die koerantwêreld waar senior joernaliste skaarser by die dag begin word het, het ek agt jaar lank ’n departement moes bestuur waar ek die enigste healtydse lektor was. Dit het beteken ek moes klas gee, die begroting bestuur, deeltydse dosente aanstel en monitor, die keuring van nuwe kandidate behartig deur met elke aansoeker ’n onderhoud te voer indien hulle die strawwe keuringstoets geslaag het, die hele nagraadse program in joernalistiek drasties vernuwe en herstruktureer en ’n meestersgraadprogram ontwikkel, rekenaars oopmaak wat nie werk nie en dit herstel, ... en nasien, nasien, nasien.

Die geheim van die sukses van die Stellenbosse program sedert dit in 1978 begin is, was nog altyd dat dit net ongeveer 25 studente per jaar tot die honneurskursus (deesdae BPhil) toegelaat het. Dit het beteken studente het behoorlik terugvoering gekry op elke berig/artikel/werkstuk wat hulle moes indien. Maar dit het ook beteken jy moes met ’n rooi pen lang ure en nagte bestee aan redigering van studente se teks.

My voorganger, prof. Johannes Grosskopf, ’n geduldige leermeester, het my gewaarsku ek gaan hier ’n ‘glorified’ sub wees .. en dit weer wees ... en weer.

Ek het op 1 Oktober 1993 by die Eduardianse gebou ingestap en my voete begin vind in ’n departement waar my voorgangers, proff. Piet Cillié en Johannes Grosskopf, binne 15 jaar ’n opleidingskool vir beginner-joernaliste gevestig het wat die onbetwisbare leier in Suid-Afrika en Afrika was – en steeds is. Voorheen was ek verslaggewer by *Beeld* en *Rapport*, vier jaar navorser in die sosiolinguistiek by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, en tien jaar, ook as hoof, by die Technikon Pretoria se joernalistiekdepartement.

My nuwe besem het dadelik drie veegswaaie ten doel gehad: ten eerste om ’n behoorlike keuringstoets in te stel wat elkeen wat die kursus wou volg, moes skryf. Die keuring was voorheen streng, maar sonder dat aansoekers se algemene kennis en skryfvaardighede op skrif getoets is. Dié kwantifiseringsaspek sou die Departement beveilig teen druk van belangrike Bolandse

pa’s en ma’s wat nie wou aanvaar waarom ek hul kind nie tot die kursus wou toelaat nie. Dan kon ek die syfers noem van ’n kind wat byvoorbeeld net 18% vir die algemene kennisdeel van die toets kon kry – en dit terwyl ’n joernalis iemand moet wees wat wéét wat in die wêreld aangaan.

Tweedens het ek die argaïese tikmasjiene vervang met nuwe rekenaars, ’n noodsaaklikheid vir ’n departement wat in die elektroniese eeu wou tred hou.

Daarna, ’n jaar of wat later, is die kursusstruktuur hervorm. Studente kon nie meer smiddae ’n slapie gaan vang nie. Die kursus het ’n voltydse, pulserende en besige jaar geword.

Al hierdie veranderings en my blote aanpassing sou moeilik kon plaasvind sonder die leiding en hulp van Winie Rousseau, die hoogs bekwame sekretaresse wat die Departement Joernalistiek saam met Cillié begin het. Haar kennis van die joernalistiek, die slaggate van Stellenbosch wat ’n nuwe professor uit die Noorde moes vermy, en haar deernis en empatie het ’n groot rol gespeel om Crozier-huis so ’n belangrike opleidingsentrum te maak. Op 27 April 1994, toe alle Suid-Afrikaners die eerste keer in hul miljoene kon gaan stem, het sy vir my en Danie Williams, die faktotum en wyse man van die Departement, elk ’n plant gaan koop, wat sy ons “Nuwe Suid-Afrika-plant” genoem het. My skoenlapper-hibuskus staan elke jaar pragtig en blom langs ons swembad in Somerset-Wes, ’n goeie manier om ’n mens aan die mens Winie Rousseau te herinner.

Sy is opgevolg deur Leona Amoraal, ’n natuurlike en logiese keuse omdat sy ook al jare in die Departement studente se lomp vingers soepel en vinnig oor die Qwerty-toets moes laat glip. Dat sy soveel geduld met my as vier vingertikker getoon het, bly nog een van die wonders van ons Crozierstraathuis.

Met Danie het ek baie rugby gepraat, hy as vurige WP-ondersteuner wat moes luister na ’n Blou Bul-aanhanger uit die Noorde, maar ook as oudskrumskakel van sy Stellenbosse span Blakes wat sy rugby ken.

En dan was daar dr. Billy Trengove, daardie *gentleman* wat al die jare die fyner nuanses van Engels aan honderde

joernalistiekstudente moes oordra. Ek onthou eendag toe die klas van 1994 besluit het die lentehitte sou beter op die strand benut kon word as om dr. T. se klas by te woon. Toe ek die volgende dag vroeg die gebou instap, het ek gehoor hoe Winie die studente in die klas roskam oor hul versuim en dat hulle “die nuwe professor in die skande steek”.

My agt jaar het saamgeval met seker een van die interessantste tye in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Ek het as’t ware begin aan die einde van die ou bedeling en studente is nou blootgestel aan die nuwe omgewing van ’n demokratiese bestel. Dit het hul opleiding soveel meer uitdagend gemaak omdat die mure tussen rasse wat afgebreek is, ook beteken het dat die nuwe realiteit in die wyse waarop daar gerapporteer word, uitdagings gebring het wat oor rassegrense heen gestrek het. Ek het nog altyd gevoel wit Suid-Afrikaners het ’n groot agterstand omdat ons nie moeite doen om een van die inheemse Afrikatale aan te leer nie.

Ek het dit verpligtend gemaak, met die groot hulp van prof. Koos du Plessis, Mhlobo Jadezweni, dr. Mwanje Dlali, prof. Mariana Visser en ander dosente in die Departement van Afrikatale, dat ons honneursstudente Xhosa op inleidende vlak moes neem. Dit het die spreekwoordelike nagmerries by studente veroorsaak, maar ek is seker hulle het die omgewing waaroor hulle verslag moes doen, ietwat beter begryp deur daardie Eurosentriese blik op die werklikheid te kon verbreed.

Een van die belangrike veranderings wat binne Crozier-huis se dosentestruktuur plaasgevind het, was die instelling van die Rykie van Reenen-genootskap. Toe Bun Booyens, tans redakteur van *Die Burger* en ook ’n oudstudent wat sy honneursjaar hier deurgebring het, aangestel is as lektor, het dit gou duidelik geword dat die vergoedingspakket moeilik met die private sektor sou kon meeding. Gevolglik het ek ’n bladsy uit die opleidingsboek van die ingenieursfakulteit geneem waarvolgens professionele kundiges uit die bedryfswêreld gesekondeer kon word na ’n akademiese instelling.

Geluklik kon ek ’n baie simpatieke oor vind in mnr. Ton Vosloo, in daardie stadium uitvoerende voorsitter van Naspers. So het Bun die eerste Rykie van Reenen-genoot geword, gesekondeer na die Departement Joernalistiek, om ná ’n jaar opgevolg te word deur dr. Johan Retief, in daardie stadium buitelandse redakteur van *Die Burger*.

Dié sekonderingstelsel het ’n lewenslyn geword vir ’n klein departement wat sterk gesteun het – en steeds steun – op die professionele insette van deeltydse dosente. Rykie van Reenen, een van die grootste en mees dinamiese vroue in die Suid-Afrikaanse joernalistiek, se naam is aan hierdie genootskap gekoppel om erkenning te gee aan haar bydrae tot die land en spesifiek die Afrikaanse joernalistiek.

In my eerste jaar op Stellenbosch het studente in die honneursklas gesit wat reeds diep spore in die bedryf trap, mense soos prof Herman Wasserman van Rhodes-universiteit se joernalistiekskool, Willem Kempen, hoofredaksielid by *Beeld*, Antoinette Pienaar, Suid-Afrika se top gesondheidsjoernalis, om maar net drie te noem. (Lees verder op www.sun.ac.za/journalism/alumni)

Alumni op *Mail&Guardian* se lys van top jong leiers

Die Departement Joernalistiek het drie alumni op die onlangse lys van Suid-Afrika se 20 mees toonaangewende jong medialeiers in die *Mail&Guardian* se top 200-lys van jong Suid-Afrikaners.

Hulle is Mpumelelo Mkhabela (klas van 1999), redakteur van die *Daily Dispatch* in Oos-Londen, en sedertdien aangesel as redakteur van die *Sowetan*. Ainsley Moos (klas van 2001), redakteur van die *Volksblad* in Bloemfontein, en Julie Cunningham (Maritz, klas van 2003), redakteur van *SA-The Good News*.

Mpumelelo Mkhabela

Editor: *The Daily Dispatch now Sowetan*
Department of Journalism: Class of 1999



“At 33, and the newly appointed editor of *The Daily Dispatch*, Mkhabela is in an advantageous position to expose and champion the struggles, causes, celebrations and developments of everyday life in the Eastern Cape – a province rich in such stories. Mkhabela took over the editorial reins of the highly respected *Dispatch* at a time when owing to the recession, newspapers faced declining circulation figures. Yet expansion – in print, online and on weekends – is at the top of his agenda. Upholding excellence in investigative and civil journalism is part of his strategy to deliver groundbreaking news from the Eastern Cape to readers around the country.”

(Lu Larché)



Ainsley Moos

Editor: *Volksblad*

Department of Journalism: Class of 2001

“Ainsley Moos made a name for himself spearheading the turnaround of a small regional newspaper at a time when even the largest papers were experiencing a decline in sales. Within a few months of Moos taking over as editor-in-chief of the Free State daily *Volksblad* and 12 community newspapers, *Volksblad* experienced a radical turnaround in circulation and won the McCall Trophy for newspaper excellence.”

(Faranaaz Parker)

Julie Cunningham (Maritz)

Editor: *SA-The Good News*

Department of Journalism: Class of 2003



“It’s been ‘the year of the laptop’ for Julie Cunningham. *SA-The Good News*’s website editor is online 24/7 because that’s what it takes to counter ‘negative stereotyping’ about South Africa, she says. ... [W]hen CNN ignored her emails, Cunningham jumped on a plane to London to convince them to give her an internship. Returning to Jo’burg in 2006 Cunningham became the youngest-ever producer for *Carte Blanche*, winning an award for her series on international adoptions. A two-year stint at eNews followed. Her next challenge? To explore how to use social media for nation-building. ‘Without knowledge, people are stuck in racism and prejudice,’ she says.”

(Sipho McDermott)

Crozier Brokkies

Simphiwe Sesante – lektor, het so pas sy PhD met Lizette Rabe as studieleier voltooi. Die graad sal in Desember aan hom toegeken word. Sy jongste boek is *On African Culture and Politics – Reflections of a Black Journalist*

Lizette Rabe – haar boek *Rykie: 'n Lewe met woorde* is aan die begin van September bekend gestel. Die uitgewer is Tafelberg.

Adri-Louise van Reenen het geskiedenis gemaak om die eerste vrou te wees wat as redakteur van *Die Kerkbode* aangestel te word. Sy is ook redakteur van *Lig*.



Gawie Botma het sy PhD voltooi en sal ook in Desember die graad ontvang. Hy sal in 2012 en 2013 optree as roterende voorsitter van die departement.

Egmont Sippel (klas van 1981), *Rapport* se motorskrywer, is as Suid-Afrika se Motorjoernalis van die Jaar aangewys. Dit is die vyfde keer, in ses kompetisies die laaste tien jaar, dat hy hierdie toekening ontvang.



Arlene Prinsloo (klas van 1988) oor haar Will- en Kate-ervaring

Ek was een van bykans 'n miljoen mense wat langs die seremoniële roete in Londen uitgekamp het om prins William en Catherine Middleton op hul troudag te sien. Dit was heerlik. Vir een keer is my siel nie uitgetrek oor my bewondering vir die Britse koninklikes nie – want almal om my deel in my belangstelling. Derhalwe het ek die Donderdagoggend vroegdag kamp opgeslaan skuins oorkant Stable Yard-weg (by Clarence House). Ek is die Vrydag na die laaste koets by Buckingham-paleis se hekke in is, eers daar weg.



ANTOINETTE SE *inkbloed*

Antoinette Pienaar (klas van 1994), kleindogter van Schalk Pienaar, het onlangs die Discovery-prys vir Mediese Joernalistiek gekry.

Antoinette was tussen 1995 en 1997 landdros- en toe hooggeregshofverslaggewer by *Beeld* in Pretoria. Daarna is sy na Londen waar sy onder meer vir die *expat*-koerantjie, destyds genaamd *The Star & SA Times*, gewerk het. Sy het ook Engelse klasse gegee in Keulen, Duitsland (TEFL), en vanaf 2000 kontrakwerk gedoen as kommunikasie-konsultant by Santam en Old Mutual. Sedert November 2000 is sy weer by *Beeld* waar sy 'n paar maande later die mediese *beat* gekry het.

Oor die joernalistiek sê sy: Ek was nooit 'n “politieke dier” nie, maar ek het nog altyd geglo die publiek, veral die weerloses wat maklik beïnvloed word, verdien “die waarheid” sodat hulle ingeligte keuses kan maak oor die lewe. George Claassen het beslis die saadjie geplant. Ek het deur hom geleer om dit te bevraagteken wat almal om my slaafs glo en skepties te wees oor idees, dienste of items wat aan my “bemark” word. Hy is vir my 'n voorbeeld van iemand wat “die waarheid” vreesloos eis.

Dit is moeilik om mense se opvattinge oor geloof, mites, kwaksalwery of sogenaamde “alternatiewe genesing” te kritiseer. Afrikaners is geneig om die man te speel pleks van die bal. Ek het laasgenoemde ervaar toe ek die Simply Slim-onderzoek gedoen het. Ek het te doen gekry met 'n oneerlike bedryf wat my as persoon getakel het eerder as om kommentaar te lewer oor die gevaarlike produk waaruit hulle R80 miljoen ryker geword het.

George Claassen het nou die dag vir my gesê wetenskapjoernalistiek “is nie vir sissies nie”, soos ek ook tydens die ondersoek besef het. Die bedryf huiwer nie om hul regsprent op jou los te laat nie. Hy is vir my 'n voorbeeld van iemand wat die moed het om sy oortuigings uit te leef. Ek glo hy kan nog baie beteken vir jong joernaliste wat in die veld belangstel.

Supermediamens



Esmaré

“

My liefdesverhouding met Crozierstraat 26 het op 'n weekdag in 1983 begin. 'n Vriend van my, wat regte geswot het, het 'n artikel of iets by die joernalistiekdepartement gaan a aai en ek – toe in my derde jaar van B Com – het saamgehoop. Mev Amoraal se tikklass was aan die gang. Ja, ek weet dit gee my ouderdom weg, maar toe ek daardie gekletter van tikmasjiene hoor, het ek my hart net daar aan die joernalistiek verloor. Dit was inderdaad 'n dag wat my hele lewe verander het.

”

Só begin die profielskrywer Murray la Vita se artikel oor Esmaré kort ná sy in die warmste stoel in Suid-Afrikaanse media gaan sit het: 'n Geluid wat Esmaré Weideman in 'n Eduardiaanse gebou in Stellenbosch gehoor het, het haar lewe verander.

In haar derde studiejaar het sy een dag saam met 'n kêrel na die Universiteit van Stellenbosch se joernalistiekdepartement gegaan.

“En toe ek daar instap en ek hoor die gekletter van daai tikmasjiene, het ek nét daar besluit ek gaan joernalistiek swot... ja, die gogga het my nét daar gebyt. Dit was die beste besluit wat ek ooit kon geneem het. Dit was die dag wat my hele lewe omgekeer het.”

Dit is 28 jaar later, en Esmaré het intussen geskiedenis gemaak as uitnemende joernalis en redakteur. Nou lê die uitdaging as mediabestuurder voor. En soos almal wat Esmaré ken, is daar vir haar nie 'n nee nie – soos wat Murray sy artikel afsluit.



Die “Golden Oldies” se byeenkoms op 9 September 2011. Van links Dr. T. Danie Williams, Fiela Williams, Johannes Grosskopf, Santie Grosskopf, Leona Amoraal, George Claassen, Hannatjie Claassen en Lizette Rabe.



Agt van die elf Rykie van Reenen-genote het die eerste Rykie-konferensie bygewoon. Agter van links: Willemien Brümmer, George Claassen, Gawie Botma, Johan Retief, Tobie Wiese, Gert Coetzee. Voor van links: Jo-Ann Floris, Hannelie Booyens, Lizette Rabe, Hennie Kotzé (dekaan) en Herman Wasserman.

Bryan: Another young editor

Bryan Silke (class of 2005) has been appointed Editor of *BusinessBrief* magazine in Illovo/Sandton, Johannesburg. The website is www.bbrieff.co.za.

Bryan: "It is a tremendous honour and responsibility to be taking this position at such a young age. It is a senior position, and the title is the no 1 ranked 'Management' mag in SA, and 4th ranked in all Business titles (incl. *Financial Mail*, *Finweek* etc).



Bryan is a member of the Erasmus Mundus

Master's exchange programme at the University of Hamburg. He also worked in London at the *Business Monitor International*. In Jerusalem he freelanced for *Business Monitor*, and was also managing editor for *Inquisitive Imagery*, a creative journal promoting sustainability.

Izelle Venter hoofredakteur van Huisgenoot, YOU en DRUM

Izelle Venter (klas van 1998) is onlangs aangestel as hoofredakteur van *Huisgenoot*, *YOU* en *DRUM*. Venter het reeds vanaf 1 Mei 2011 as hoofredakteur waargeneem. Sy was ook al redakteur van *Move!*, *TVPlus* en *INSIG*, hoof van *Huisgenoot* en *YOU* se Johannesburg-kantoor en het vir enkele maande as uitgewer van *Huisgenoot*, *YOU* en *DRUM* waargeneem.



Nuwe tydskrif met alumni aan die spits

Dit voel soos nou die dag wat ons begin werk het aan die nuwe tydskrif. 1 Junie 2011. Die uitgewerspan, advertensiespan, verspreidingsbestuurders, sirkulasiekeners, adjunkredakteur Charlene Rolls (ook 'n alumna) en ek. Ons het die plan verfyn: ons wil 'n weeklikse nuustydskrif uitgee vir besige mense wat graag wil weet wat in die wêreld aangaan, maar nuus en menings van reg oor die wêreld soek in 'n bondige pakket. Ons wil landwyd beskikbaar wees, so ons het planne gemaak om in beide Johannesburg en Kaapstad te druk – 'n eerste vir Media24. Die naam, *NewsNow*, was die produk van 'n intensiewe proses deur Charlene en Esmaré Weideman, toe nog hoofredakteur van *Huisgenoot*, *YOU* en *Drum*. Ons het beplan aan die kantoor – oopplan, die nuuskantoor van die toekoms. En toe

WALDIMAR PELSER
Klas van 2000



besluit ons *NewsNow* moet 'n sussie kry, *NuusNou* – een tydskrif vir moderne Suid-Afrikaners, in twee tale.

Ek sou nooit kon dink wat dit regtig behels om 'n tydskrif te begin nie – en dis ook maar beter dat 'n mens nie vooraf weet nie! Laataand op kantoor, met die oë met vuurhoutjies oopgespalk, besef ons telkens weer hierdie is die kans van 'n leeftyd. Ons uitdaging is om gefokus te bly, en wat ons doen baie goed te doen. Dis 'n kolossale, maar ongelooflik bevredigende taak. (Koop asseblief die tydskrif!)

Chris Burgess appointed Editor-in-Chief

Media24 Weeklies announced the appointment of Chris Burgess (class of 1997) as the new editor-in-chief of *Landbouweekblad*, *Farming SA* and *SA Jagter/SA Hunter*. Chris completed his honours degree in journalism at Stellenbosch University and was appointed editor of *Farmer's Weekly* in 2001, a position he has held until now. At the time he was one of the youngest editors ever to head up a South African national magazine. During his time the magazine earned several awards, one of which was the Sappi Pica Magazine Award for Best Business Magazine in South Africa (2006). Chris was a finalist in last year's Pica Editor of the Year competition and has also done freelance work for titles such as *De Kat*, *Mail & Guardian*, *Weg* and *Go!*



WENNERS UIT *Crozierstraat*

MONDI SHANDUKA- TOEKENNINGS

Stefaans Brümmer (klas van 1990) het 'n spesiale toekenning ontvang vir die beste Suid-Afrikaanse Storie van die Jaar

Herman Scholtz (klas van 2007): finalis/naaskenner in die kategorie ondersoekende joernalistiek. Hy het ook 'n eervolle vermelding gekry in die Nasionale Persklub se joernalis van die jaar-kompetisie.

Willem Kempfen (klas van 1993): wenner in die kategorie kreatiewe joernalistiek.

Craig McKune (class of 2006): winner in the category investigative journalism.

HARDE NUUS - Vermelding: **Fanie van Rooyen** (klas van 2004) – 'Sy wou Blou Bul vermoor' (*Beeld*)

RUBRIEKE - Finalis: **Willemien Brümmer** (klas van 1998) – 'Waar jou naelstring lê' (*Die Burger*)

ONDERSOEKENDE JOERNALISTIEK - Finalis: **Herman Scholtz** – 'Frozen Chicken Horror' (various articles) (*Rapport and City Press*)

Vermelding: **Antoinette Pienaar** – 'Simply Slim' series of investigations into Simply Slim products (*Beeld*)

Commented: **Craig McKune** – 'Gaston Savoi and government officials corruption probe' (*Cape Times*)

KREATIEWE JOERNALISTIEK - Finalis: **Willem Kempfen** (klas van 1993) – 'Sewe dae by die Kunenes: Aand 1' (*Beeld*)

Willem Kempfen and Louis Kruger – 'As Mev. Ples op FB was...' (*Beeld, Burger en Volksblad*)

DISCOVERY HEALTH JOURNALISM AWARDS

Best Analysis and Commentary Writing
Finalist: **Antoinette Pienaar** (class of 1994) – Jou lewe in 'n leek se hand, *Beeld*.

Best Investigative Reporting
Finalist: **Jo-Anne Smetherham** (class of 1998) – Origins of an outbreak, *Men's Health*

Best Health Lifestyle Feature

Finalist: **Colette du Plessis** (class of 1998) – My triomf oor diabetes, *Baba & Kleuter*

SAB ENVIRONMENTAL AWARDS

The Magqubu Ntombela and Ian Player Cub Award (for journalists with under five years' experience)

Kristen van Schie (class of 2009), who is a journalist at *The Star*, was a Merit Winner.



Joernaliste kan selfs skatte vind... Le Roux Schoeman, klas van 2001, en Erns Grundling, klas van 2002, het onlangs kykNET se eerste *Fortuinsoekers* gewen. Le Roux, van Media24 se Touchlab, en Erns, van *Weg!*, het teen agt ander spanne meegeding en uiteindelik 'n Veldpond gewen – 'n goue pond wat gedurende die Anglo-Boereoorlog in die veld gemunt is – vandaar die naam. Die Veldpond is R500 000 werd – maar die twee gaan dit vir eers belê. Die nege spanne het tydens 13 skofte Pretoria en verskeie dorpie in Noordwes en Mpumalanga deurkruis op soek na die mitiese Kruger-miljoene. Slegs 'n paar honderd van die "Veldponde" is in 1902 deur Boerekrygers buite Pelgrimsrus tydens die Anglo-Boere-oorlog met die hand geslaan – vandaar hul gesogtheid en waarde.


Hein se kookboek

Hein Scholtz, klas van 2010, het pas bewys jy kan ook 'n woord entrepreneur wees en 'n kookboek met 'n verskil skryf. Die kookboek gaan as 'n studentekookboek bemark word, wat aan "huisverlaters" gerig is. Dit is nie om 'patronising' te wees nie (ai siestog, jou mamma kan nie meer vir jou kos maak nie) maar eerder sal die boek jongmense help om hul eie palette te ontwikkel.

"Die resepte en skryfstyl is gebaseer op my kosrubriek wat in my voorgraadse jare in *Die Matie* verskyn het (ek was *Die Matie* se heel eerste kosrubriekskrywer waarvan ek bewus is). Dit beteken ek sal verwys na my tyd as 'n student, as huisverlater en iemand wat vir die eerste keer begin werk het en vir myself moes kos maak op 'n *budget*.

"Die kos sal op gesonde voedingbeginsels gegrond wees, en resepte sal wissel van tuiskos (bredies, *casseroles*, sop ens) asook gewilde kos soos burgers, pizzas en wraps. Resepte sal ook aangepas word vir mobiliteit (kospakkies werk en klas toe) asook voeding-trivia oor 'n aspek van die resep of bestanddeel in die resep.

"Daar sal ook 'n paar hoofstukke wees



oor wat jou heel eerste spens-aankope behoort te wees, asook watter kombuis-benodighede die belangrikste is om eerste te koop (byvoorbeeld dis beter om een goeie mes te koop in plaas van 'n stel van 10, net omdat dit op special is).

"Daar sal ook 'n hoofstuk wees oor kos-'trends', en kort definisies oor koolhidrate en wat metabolisme beteken, sodat mens dit kan gebruik om jou eie dieet te beplan.

"Die hele boek sal geïntegreer word met nuwe media: elke reseptenaam sal 'n *twitter 'handle'* kry, daar sal video *tags* aan die resepte wees waar 'n metode gevolg moet word (sodat dit na my webblad of blog kan verwys, waar 'n kort video byvoorbeeld sal speel oor hoe om dit te doen, en mense sal my direk kan kontak op *twitter* en *facebook* oor die resepte en hul ervaring daarmee. Die idee is om 'n sosiale gemeenskap te skep wat die boek nie '*obsolete*' sal maak sodra dit klaar gedruk is nie – die *tweets* en videos is tegnies my weergawe van web 2.0."

Die boek word einde 2012 deur Random House Struik gepubliseer.

Die klas van 2001 het vroeër vanjaar hul 10 jaar-reünie gehou en is gevra om drie vrae te beantwoord.

1

Die een ding wat ek in Crozierstraat geleer het...

Liesl Pretorius (LP) news and digital editor, *City Press*: In journalism, assumption is the mother of all fuck-ups.

Gideon Nieuwoudt (GN) product development manager, *Primedia Online*: Dat joernalistiek sleg betaal (dit doen, maar grappie!) Ek het geleer hoe dinamies die joernalistiek as beroep kan wees. Die een ding wat ek kan onthou is hoe hard ons gewerk het, maar dit tog die heelyd geniet het! As gevolg van my BSc-achtergrond het ek klaar teen daardie tyd geleer hoe om hard te werk, maar as jy nog nie het nie, sal die BPhil-graad jou dit beslis aanleer! Dis vol energie en bitter dinamies en ek het dit baie stimulerend gevind.

Aritha Kruger (Fyfer) (AK) – tuisteskepper in Londen: Funksioneer onder ongelooflike druk: jy dink jy kan nie, maar jy KAN (met goeie beplanning en deursettingsvermoë)! Wanneer jy by Crozierstraat uitstap, kan jy alles doen. Oorsese kwalifikasies fokus op enger aspekte van die bedryf (met ander woorde òf bladuitleg òf fotojoernalistiek òf uitsaaiwese). Tog is die vaardighede waarmee individue toegerus word, nie noodwendig van 'n hoër standaard as Crozierstraat se graduandi nie.

Carolyn Morton (Weir) (CM) – om te check, check en double-check voordat 'n berig klaar is.

Maryke Visagie (Hörstmann) (MV): Drie dinge: Wanneer jy dink jy kan nie meer nie, kan jy waarskynlik. Geesdrif (en McDonalds)

bring jou ver, en 8 uit 10 is moontlik. Skaars, maar moontlik.

Le Roux Schoeman (LeRS), multimedia-joernalis by Media24: Dat 'n mens nie “skielik” doodgaan nie. 'n Mens sterf eenvoudig (soos 'n lig wat aan of af gaan). Hetsy aan 'n hartaanval, meswond of aan kanker ná maande in 'n hospitaal. Die onderliggende punt van hierdie voorbeeld is dat 'n joernalis krities moet dink op twee vlakke: taal en logika.

Magriet Pienaar (Ruthven) (MP): voltyds student (MBA): Ek het geleer om kort en kragtig en verstaanbaar te skryf, met 'n doeltreffende struktuur sodat dit my ontvanger se leestaak vergemaklik. Ek vind dit nou nog doeltreffend en waardevol in al my geskrewe werkskommunikasie.

Marenet Jordaan (MJ) dosent in joernalistiek aan UP: Daar was eintlik twee belangrike goed: deursettingsvermoë en spanwerk. 'n Mens kan altyd nog 'n bietjie harder werk en nog 'n bietjie langer vasbyt as wat jy dink. Dit help nie om te dink jy kan alles alleen doen nie – leer eerder vroegetydig om op ander staat te maak.

Jacolette Kloppers (JK) teksredakteur *NuusNow*: Jy moet elke enkele lieue woord oorweeg en daarna nog 'n keer daarvoor dink. Woordsoorte, sinskonstruksie, woordvolgorde, punktuasie, idiome, spelling en keurige taalgebruik is belangrik en noodsaaklik. Harde werk, noukeurigheid, 'n oog vir fyn besonderhede en stiptelikheid het nog niemand doodgemaak nie.



2

Die een ding wat ek móés leer...

LP: I should have learnt to be more strategic about early career decisions. Where you start out and who mentors you will affect the rest of your career (and your salary!)

GN: Ek moes baie meer aandag gegee het aan die terugvoering op my artikels. In baie opsigte moes ek basies van vooraf leer skryf het toe ek begin werk het omdat ek nooit geleer het uit die terugvoering wat ek van dosente gekry het nie.

AK: Iets wat belangrik was vir my om te leer en ek wel geleer het: die belangrikheid van die nakoming van spertye binne die groter geheel.

CM: Om nooit aannames te maak nie.

MV: Verandering is die enigste konstante. Hou jouself buigsaam, leerbaar en aanpasbaar en die ewig veranderende mediawêreld sal vir jou opwindend bly.

LeRS: Dat mense nie oordryf het toe hulle gesê het joernaliste verdien min geld nie. En ek moes leer dat 'n mens dikwels in jou

eie gemoed moet terugkeer na die dinge wat jou motiveer om 'n joernalis te wees, anders raak jy die pad byster.

MP: Ek is nog nie oor die skok dat daar mense hier is wat net niks lees nie en nie belangstel in die gebeure van die dag nie. Mense met wie ek net oor TV-sitcoms kan gesels, want hulle sal nooit 'n koerant koop nie.

MJ: Om nie die lewe te ernstig op te neem nie en die groter prentjie raak te sien.

JK: Dinge gaan nie uitwerk soos wat jy gedink het dit gaan nie. Jou loopbaan gaan nie noodwendig ontwikkel soos wat jy gedink het dit gaan nie. Dinge verander baie gou en onverwagse geleenthede kan skielik opduik. Soms gaan jy dinge doen wat teen jou beginsels indruis. 'n Mens moet leer wanneer om jou arbeid vir 'n maatskappy te gee en wanneer om jou siel te gee. Dit is belangrik om jou eie identiteit te behou. En soms moet 'n mens jou losmaak van jou werk ter wille van perspektief en balans.

3

Die een ding wat vandag se Crozierstraat-studente moet leer...

LP: That a can-do/will-do-whatever-it-takes attitude will get you far. As a news editor I'd much rather work with an average journalist with the right attitude than with a brilliant one with a poor attitude.

GN: Dat joernalistiek nie net uit koerant-, radio- of TV-verslaggewing bestaan nie. Die BPhil graad van 2001 het baie klem gelê op hierdie drie – en veral op joernalistiek as 'n verslaggewingsberoep – maar ek werk in die digitale (internet) joernalistiek en dit is baie anders. Verslaggewing maak steeds 'n groot deel daarvan uit, maar dit is baie meer gefokus op die bestuur van inhoud. Dit beweeg ook baie vinniger en 'n joernalis wat in hierdie rigting ingaan, het ander vaardighede wat hulle moet aanleer. So goed as wat dit was, het ons BPhil kursus van 2001 baie min hiervan vir my geleer.

AK: Onberispelike integriteit.

CM: Beginsels en reputasie kom voor enigiets anders.

MV: Moenie jouself te ernstig opneem nie, vergeet van vooropgestelde idees van die joernalistiek en kyk na die mense om jou in die klas – jy gaan oud word saam met hulle. En hoewel NIKS gaan wees soos jy gedink het nie, behou jou idealisme sover moontlik. Goeie joernalistiek kan steeds die wêreld verander.

LeRS: Nuwe tegnologie is opwindend, maar dit vervang nie

joernalistieke beginsels nie. As jy wil skryf, sal jy meer leer by 'n Bun Booyens (die oud-redakteur van *Weg* en tans redakteur van *Die Burger*) as by 'n Mark Zuckerberg (die stigter van Facebook), so verdeel jou aandag dienooreenkomstig.

MP: Jou loopbaanpaadjie kan maar loop soos hy wil; moenie dat iemand jou oortuig jy MOET by 'n koerant of Media24 of daar gaan werk om eendag êrens te kom nie.

MJ: Om hulself as 'n handelsmerk te bemark. Die belangrikste bate wat 'n mens vandag as 'n joernalis het, is jou naam. Dit is die een ding wat jy selfsugtig moet beskerm. Daarmee kan jy mettertyd oor platforms heen werk – jy hoef nie meer soos in die verlede vir 10, 20 of 30 jaar aan een publikasie of uitsaaimedium gebonde te voel nie. Maak jou eie geluk deur jouself te vestig met harde werk en goeie uitsette – waar jy ookal kan.

JK: Niks klop ervaring nie. Ervaring en institusionele geheue kan nie gekoop word nie en dit kan nie vervang word nie. Net om jonk te wees, is nie noodwendig genoeg om vir jou deure oop te maak nie. Dit is steeds allernoodsaaklik om taalvaardig te wees en om respek vir taal te hê. Op die ou end is die BPhil-kursus wat jy daarvan maak. Haal so veel as moontlik daaruit en moet nooit ophou leer nie. Moenie jouself verloor nie en probeer om altyd jou mening te motiveer.